TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 5/3/2017 **Datum: 24 Aug 2017**

Uit die kantoor:

Kaalvoetkafee:

Sover gaan dit goed met ons nuwe snoepie. Soos u reeds weet is die snoepie deur die beheerliggaam oorgeneem en alle winste gaan na die skool. Een van die redes was dat ons inkomste uit die snoepie meer is as die huurinkomste, sou dit geprivatiseer wees.

Tans ondervind ons vir die halfuur tussen 13:00 en 13:30 op Maandae, Woensdae en Donderdae ‘n besige periode met die verkope. Ons het net ons twee dames aan diens wat hulle bes probeer om vinnige en goeie diens te lewer. Die dogters wat gedurende pouse en namiddae help kan eers om 13:30 na skool aanmeld. Ons vra dus dat u vir die halfuur maar geduldig sal wees. Sou die probleem in die ander kwartaal ook voorkom, sal ons na ‘n oplossing kyk.

Bome:

Tjokkies het ‘n ongeskrewe reël dat die kinders (veral die GSF leerlinge) in bome mag klim en klouter op voorwaarde dat hulle nie die bome moedswillig beskadig nie. Nie net is dit lekker nie, maar ook goed vir hulle motoriese ontwikkeling. Die bome rondom die skool teenaan die heining is egter buite perke omrede dit ‘n gevaar inhou. Ons dreun gereeld hieroor by die skool, maar versoek u asb om dit ook onder u kind se aandag te bring.

LEIERSKAPONTWIKKELING:

Mnre Stefan Smit en Philip Marais asook me Lizette Buys en Janah Posthumus woon ‘n leierskapkursus vir Departements-hoofde in PE by. Dit is deel van die skool se verbintenis tot indiensopleiding vir personeel. Aflosse is gereël vir hulle klasse

BELANGRIKE DATUMS:

24 Aug: Dogter Hokkieliga @ Eunice

26 Aug: Jim Fouché hokkietoernooi. Ons gebruik die toernooi om vir ons laer spanne geleentheid te gee aangesien die A-spanne meer geleenthede kry. Spelers wat gekies is sal kennisgewings ontvang .

28 Aug: Dogters tennisliga.

30 Aug: Seuns tennisliga

Inligtingsaand vir Gr 1 ouers van 2018 om 18:00 in die skoolsaal.

31 Aug: Hokkieliga

TJOKKIE HOKKIEFESTIVAL

Ouers, ons het nog ‘n paar goedjies van die hokkiedag oor wat ons ook graag wil verkoop. As julle ons kan help daarmee sal ons dit baie waardeer!

25 x stukkies wors te koop @ R180
Burger Patties met 2 stukkies kaas te koop @ R10

Kontak Mari Fourie – 0824136702

Verjaarsdae

23 Aug: Mnr Johannes Kriel, voorsitter van die finansiële komitee.
26 Aug: Prof Liezel Lues, voorsitter van die Bemarkingskomitee. ‘n Hartlike Tjokkie gelukwense aan die twee BL lede en baie dankie vir die waardevolle diens wat julle lewer.

26 Aug: Juf Esbé Dippenaar, Graad 3.

25 Aug: Juf Benita Breydenbach (Kleuterskoolassistent)

30 Aug: Mnr Nicolaas Slabbert, Gr 7

VCSV (Herhaal)

Tjokkies se VCSV kamp vind plaas op 8 – 10 September 2017. Dis by Retiefkamp-terrein en kostes beloop R400 per kind. Hierdie is beslis ‘n kamp wat jy nie moet misloop nie. Kom haal gerus ‘n inskrywingsvorm by juf. Liezl Hiten of by die kantoor.

KLEREBANK

Indien u ekstra hangers by die huis het stuur dit asb vir ons. Tans is daar heelwat klere wat nie uitgepak is nie, weens ‘n tekort aan hangers.

Daar is ook heelwat goeie somersdrag te koop, maak dus eers daar ‘n draai voordat u nuwes gaan koop.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

SNOEPIE (Herhaal)
Aansoekvorms moet asb saam met die R20 na die klasonderwyser gestuur word en nie ge-epos word nie, andersins bemoeilik dit die administrasie daarvan.

Ouers word asb versoek om per Whatsapp die snoepie in kennis te stel van alle inbetalings op die snoepiekaarte. Meld asb die volgende:

- Naam en van van kind
- Kaartnommer
- Bedrag

Die SMS'e van die bank is nie voldoende nie aangesien al die inligting nie daarin vervat word nie.

Gebruik asb die volgende nuwe nommer vir Méchelle by die snoepie hiervoor:

082 612 7756

LENTEDAG VRYDAG 1 SEPTEMBER 2017

Tema: *'n Hoed om die lente te groet!*

Betaal R5 vir gewone klere en sit enige hoed op jou kop. Dit is ons deel vir kindersorg se Loslitdag.

'n 'Doughnut' en Twizza kan ook gekoop word @ R10

Alle gelde is betaalbaar by die klasonderwysers voor/op Woensdag 30 Augustus.

SNUFFELS

Doxa Deo, Fichardtpark bied aan: *Onbeskaamd*. Vrydag 25 Aug 2017 om 18h30. R70 vir volwassenes en R30 vir kinders onder 12. Kaartjies beskikbaar by Engen Northridge, College Square, Sasol CUT en LHP. Besprekeings by bookings@onbeskaamd.co.za. Kontak vir Mariska by 083 442 4430

Bruin meisie skoolskoene te koop @R30 per paar (slegs nr 6, 9 en 10). APD (Assosiasie vir persone met Gestremdheid), Parkweg 47, Bfn. (oorkant Bfn Toerismesentrum). Ilona Boshoff is die kontakpersoon in die Goodwill Koffiewinkel wat gekontak kan word by 051 430 2883.

Angel's Catering
(Spyskaart kan verskil)
Kerriemaalvleis en rys /vetkoek
Kerriehoender en rys / vetkoek
Hotdog met vienna of boerewors
Hamburger (bief of hoender)
Muffins
(vanilla/sjokolade/bessie)

Bestel voor 10h00 by Katie:
078 5460 064

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com